# VARS

## Deel 2 - Verbeter

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**As jy terugdink oor jou lewe, wat is een van die grootste uitdagings, of swakhede in jou lewe wat jy verbeter of oorkom het? Hoe het jy dit reggekry? Vertel vir jou groep daarvan indien jy gemaklik is daarmee.**

**Hoe sal jy geestelike groei definieer?**

**Wie dink jy is verantwoordelik vir geestelike groei in ons lewe, of wie het 'n aandeel daarin? Dink jy dit is God? Dink jy dit is ons? Dink jy dit is albei?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 3:18. Wat dink jy beteken dit om verander te word na die beeld van God? Wie bewerk die verandering?**

---

---

---

**Romeine 8:29. Dink jy ons bereik wel 'n plek waar ons gelykvormig is aan die beeld van Jesus? Hoe lyk die beeld van Christus? Hoe weet ons of ons nader daaraan kom? Verduidelik.**

---

---

---

**Filippense 2:12-13. Hoe dink jy kan ons onsself daarop toelê om soos verloste mense te leef of om ons heil uit te werk? Wie bewerk die begeerte en vermoë om God se wil uit te leef?**

---

---

---

**Romeine 12:11. Hoe dink jy kan ons meet of ons toewyding verslap of versterk? Wat help om jou eie toewyding aan God te versterk?**

---

---

---

---

**Efesiërs 4:1. Hoe meet jy of jou lewe in ooreenstemming is met God se roeping? Dink jy dit lyk tans so in jou eie lewe?**

---

---

---

---

**Johannes 15:4-5. Watter dinge in jou geestelike lewe probeer jy soms self regkry? Met watter dinge sukkel jy in jou geestelike lewe? Hoe kan die herinnering aan hierdie verse jou daarin help?**

---

---

---

---

**In die preek is 'n paar goed genoem waarin ons kan verbeter sodat ons iets nuuts/vars van die Here kan beleef: *1) Gebed; 2) Om heilig te leef; 3) Tyd saam met God; 4) Egte verhoudings te bou met ander gelowiges; en 5) Om uit te reik na ander mense.* Watter een (of meer) van hierdie punte trek jou aandag en voel jy moet verbeter? Hoekom juis daardie een (of meer)?**

**Lees Efesiërs 3:20-21. Met die wete dat God oneindig meer kan doen as wat ons kan bid, waaroor wil jy bid en waarvoor wil jy vra? Bid saam daaroor as 'n groep.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**